



JAARVERSLAG AUGUSTUS 2016 REGULERENDE STELSELS & ADMINISTRASIE

Johannes Langenhoven

Baie dankie vir die geleentheid om vir 'n termyn van drie jaar op die raad te kon dien. Die portefeulje wat die reëls moet maak wat deur lede gevra en deur die raad bekragtig word, speel 'n groot rol om rigting te gee en solank almal binne die riglyne bly verloop alles maklik.

Ons kon weereens daarin slaag om die verandering van reëls te beperk tot die eerste vergadering van die jaar soos ons graag wil en alle skoue was onder dieselfde kam geskeer.

Nuwe stel beoordelings prosedures vir die Tradisionele afdeling is in gebruik en word al beter ten toon gestel soos ons daarby aanpas. Daar bestaan wel kommer dat die plesierperd afdeling nie goed genoeg ondersteun word nie a.g.v. die NIE kruisinskrywings tussen die drie.

Met die implementering van die nuwe "Communicator" al die nuus en veranderinge ook daar d.m.v. 'n skakel na die webblad beskikbaar. Daar is dus nou twee direkte naslaanbronne elektronies beskikbaar.

Baie dankie aan die President wat dit moontlik maak vir die raad om in 'n hartlike atmosfeer saam te werk en waar van mening verskil word, te debatteer tot bruikbare oplossings bereik word. Baie dankie ook aan ons sekretaresse wat alle administrasie stiptelik en presies bestuur. Ons sal dit nie sonder haar kan doen nie!

Mag ons met minder reëls, meer mense en perde gelukkig hou en so die toekoms verseker!

Johannes Langenhoven

RAADSLID: Regulerende Stelsels & Administrasie